**Geskiedenis van Geneeskunde**

# Christo Beyers—Sy Tydgenote en Geskrifte

C. J. MIENY

## SUMMARY

After a brilliant career at the Old Victoria College, Stellenbosch, where he gained a B.A. in Zoology, Christo Beyers proceeded to St Bartholomew Hospital, London, to study Medicine in 1909.

On his return to South Africa, he worked at Pretoria Hospital for a short while before returning to Great Britain to join the South African Field Ambulance and saw action in France.

After the war he gained the F.R.C.S. before settling in Johannesburg, first as a general practitioner and later as a surgeon on the staff of the Johannesburg Hospital where he remained until his untimely death in 1933 at the early age of 45 years.

During his active career, Beyers published 11 papers and translated 2 books into Afrikaans. His medical colleagues in Johannesburg honoured the memory of this great surgeon by naming the medical branch of the faculty of medicine of the South African Academy of Arts and Science after him.

*S. Afr. Med. J.*, **48**, 468 (1974).

Die spreekwoord sê: 'n Man word geken aan sy vriende; en hier kan bygevoeg word—as hy enige akademiese aspirasies het—aan sy geskrifte.

Getrou aan die titel van hierdie gedenklesing, sal ek dus na die herkoms en agtergrond van Christo Beyers kyk; na sy vriende, sy leermeesters en sy studente. Eers wil ek probeer vasstel wat hulle invloed op mekaar was en dan kyk na die bydrae wat hy, as akademikus, navorser, leermeester en chirurg gelewer het. Dit kan bes gedoen word deur sy geskrifte in oënskou te neem en te ontleed in die lig van die tyd waarin die bydrae gelewer is.

## HERKOMS EN AGTERGROND

Christo Beyers is op 31 Januarie 1888 op die plaas Brandwacht, destyds bekend as Cottage Farm, naby Stellenbosch, gebore. Hy was die oudste seun van Pieter Gerhard Beyers en Anna Maria Elizabeth Bredel. Sy peetvader was sy vader se jonger broer, later die bekende generaal. Weens finansiële beproewinge moes sy vader die plaas in die sorg van sy broer laat en self transportryer word. Later verhuis die familie na Pretoria waar Christo Beyers skoolgaan.

Gedurende die Engelse Oorlog is Pieter onder parool en kom hy met sy vrou en kinders na Stellenbosch terug. Christo word in 'n koshuis geplaas terwyl hy in die Hoër Jongenskool skoolgaan. Gedurende sy verblyf in die koshuis, maak hy vriende met 'n aantal seuns wat weer later in Johannesburg in noue aanraking met hom sou kom. Hierdie groep het ingesluit dr. Gilles de Kock (later hoof van Onderstepoort); Hoofregter Gerrit Maritz, neef van Christo; Frank Joubert (later Administrateur van Kaap-



Fig. 1. Portret van Christo Beyers in 1924 geneem.

**Departement Chirurgie, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg**

C. J. MIENY, M.B. CH.B., M.D., CH.M., F.C.S. (S.A.), F.R.C.S.

Gebaseer op die Christo Beyers-gedenklesing van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Johannesburg, 1971.

land); C. F. Krige, neef van Christo (later bekende Afrikaanse ginekoloog in Johannesburg); en Joseph Levine—later sy kollega in die Departement van Chirurgie in Johannesburg.

J. J. Levin, seun van ene Levin en 'n nooi, Van der Merwe, word deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk na die Universiteit van Edinburg gestuur vir mediese studies, met die oog op sendingwerk. Wanneer ons hom weer ontmoet, is dit nie in die sendingveld nie, maar as suksesvolle chirurg in Johannesburg.

Christo het besonder knap op hoërskool presteer en slaag met lof die skooleindeksamen in 1904, slegs deur sy neef, Gerrit Maritz, geklop. Voor toelating na die ou Victoria-kollege op Stellenbosch, slaag hy die matrikulasie-eksamen van die Kaap, weer met lof, met slegs een kandidaat, C. J. Markotter, wat beter punte behaal.

## Studentedae op Stellenbosch

Terwyl Christo sy B.A.-graad met dierkunde neem, vind hy ook tyd om aan studente-aktiwiteite deel te neem. Hy speel vir die eerste span heelagter en dien op die studenteraad saam met William Nichol, later Administrateur van die Transvaal; dr. P. J. du Toit, later hoof van Onderstepoort en lewenslange vriend van Beyers; dr. Leo Krige, broer van Issy Smuts; die twee beroemde Springbokvleuels, Anton Stegman en Bob Loubser, Piet Marais, dr. Van der Poel, dr. Albertyn; en H. A. Fagan, later hoofregter, kabinets-minister en Afrikaanse digter.

Gedurende hierdie jare het Beyers ook sterk onder die invloed van Robert Broom, Professor in Soölogie op die ou Victoria Kollege gekom. Elke naweek en vakansie het Broom die Karoo ingetrek op soek na fossiele en sy knap student, Beyers, het hom dikwels vergesel. Broom wakker 'n lewenslange belangstelling in die paleontologie in hom aan. In 1908 lewer Beyers 'n lesing getitel 'The origin of the Aryans' en Broom 'The origin of the Bushmen' voor die Scientific Society of Stellenbosch. In dieselfde jaar behaal Beyers die B.A.-graad met lof en wen ook die Jameson-prys.

Toe Broom in 1909 met langverlof na Engeland en Amerika vertrek, vra hy vir Beyers om as Professor in Dierkunde in sy afwesigheid waar te neem.

## Studiejare in Engeland

Teen die einde van 1909 vertrek Beyers in geselskap van sy neef, Gerrit Maritz, na Engeland om aan die St Bartholomew-hospitaal medisyne te studeer. Hy het St Bartholomew-hospitaal op aanbeveling van Karl Bremer gekies. Terwyl hy daar studeer, het Beyers nie alleen op akademiese gebied uitgeblink nie, maar ook op die sportveld.

In die prekliniese jare het hy onder die invloed van Professor McPhail veral belang gestel in anatomie en later onder sterk invloed van Sir D'Arcy Power voorliefde vir chirurgie getoon.

Hy speel rugby en waterpolo vir St. Bartholomew-hospitaal en Middlesex en was 'n steunpilaar in die jaarlikse interhospitaal-wedstryde.

Sy verblyfplek in Londen was 'n bymekaarkomplek vir Suid-Afrikaanse studente. In Mei 1911 was hy een van die stigterslede van die Suid-Afrikaanse Vereniging in Londen. Ander bekende Afrikaners wat op die vergadering teenwoordig was, sluit in H. A. Fagan, C. Louis Leipoldt, J. J. Smith, van Stellenbosch, Gilles de Kock, en Oswald Pirow.

In 1915 behaal hy die M.R.C.S. en L.R.C.P. en keer terug na sy vaderland om as huisdokter by die Pretoria Algemene Hospitaal te werk. Met die uitbreek van die eerste wêreldoorlog vertrek hy onmiddelik na Engeland terug en sluit by die leer aan. Hy bring die oorlog in Frankryk deur as lid van die Suid-Afrikaanse veldambulans. Na die oorlog behaal hy die F.R.C.S. in Londen voordat hy na sy vaderland terugkeer.

Hy werk eers as huisdokter by die Johannesburg-hospitaal, maar vestig homself later in die algemene praktyk tot 1922 toe hy by die Departement Chirurgie van die Universiteit van die Witwatersrand aansluit. Hy het gou gevorder tot assistent chirurg, lektor in operatiewe snykunde en anatomie en senior lektor in kliniese chirurgie.

Beyers het 'n groot indruk op die destydse Professor van Chirurgie, Richie Thomson, gemaak. Die twee manne het baie in gemeen gehad. Albei het stiptelikheid baie hoog aangeslaan en Beyers se naam het elke oggend eerste in die register van die besoekende geneeshere by die Johannesburg-hospitaal gepryk. Albei het 'n groot voorliefde vir anatomie gehad. Thomson het lank na sy aftrede en tot sy dood in 1944 elke dag 'n hoofstuk uit Cunningham se handboek van anatomie gelees.

## Beyers se Vriendskap met Raymond Dart

In die soektog na inligting oor Beyers is in die betroubare *Plarr's Lives of the Fellows of the Royal College of England*, 'n uitstekende biografie van Beyers gevind, geskryf deur sy ou leermeester by St. Bartholomew-hospitaal, Sir D'Arcy Power. Daarin word klem gelê op Beyers se rol in die opspraakwekkende werk van Broom en Dart met die prehistoriese mens in Suid-Afrika.

Professor Dart, op een van sy kort besoeke aan Johannesburg vanuit Amerika, het entoesiasties ingestem toe hy verneem dat ek oor Beyers wou gesels. Ek het 'n baie aangename aand met die steeds briljante en entoesiastiese 78-jarige antropoloog deurgebring en hy het nuwe insig in die interessante persoonlikheid van Beyers gegee.

Toe Raymond Dart in die vroëe twintigerjare in Johannesburg aankom om sy nuwe pos as Professor in Anatomie te aanvaar op aanbeveling van die beroemde Elliott Smith, onder wie hy in Londen gewerk het, en hy die primitiewe geboutjies van die mediese skool sien, het sy moed in sy skoene gesak. Daar was egter een ligpunt. Hy het dadelik 'n geesgenoot ontdek in die jong deeltydse lektor in anatomie in sy departement—Christo Beyers. Beyers het 'n deeglike kennis van anatomie gehad en het belang in antropologie en soölogie gestel. Dit het nie lank geduur voordat die twee boesemvriende was nie.

Op 17 September 1923 het daar 'n berig in die Dagpers verskyn dat 'n fossielskedel in die gebied van die Rooiberg-tinmyn in Noord-Transvaal ontdek is. Beyers het vol

entoesiasme na Dart gekom met die voorstel dat hulle die vonds gaan ondersoek. Dart was huiwerig. Die paaie was sleg, die land onbekend en Dart het net onlangs sy nuwe Henry Ford gekoop, en was nie op sy gemak om die ding te bestuur nie. Beyers het voorgestel dat hy sou bestuur.

Die twee vriende is laat die namiddag uit Johannesburg weg, het dwarsdeur die nag gereis en, onder andere, 'n botsing met 'n verdwaalde donkie gehad. Die volgende oggend is Dart, Beyers en die plaaslike skoolhoof na 'n grot waar hulle verskeie skedels en ander fossiele gevind het. Hierdie uitstappie het in 1924 tot die eerste antropologiese geskrif in Suid-Afrika deur Dart gelei: 'The Rooiberg cranium' — in die *South African Journal of Science*.

In November 1924 het Beyers in die huwelik getree met die weduwee, mev. Brown. Sy was 'n Franse dame, Mira Rivet, wat Beyers gedurende sy studies in Londen ontmoet het. Die huwelik het in die woning van die familie Dart plaasgevind met Raymond Dart as strooijonker. 'n Gebeurtenis van die grootste wetenskaplike belang het op Christo en Mira se troudag plaasgevind. Beyers en sy strooijonker was besig om aan te trek toe twee kaste met kalkgesteentes afkomstig uit Taungs afgelewer word. Dart was so opgewonde toe hy 'n fossiel onder die gesteentes sien, dat hy dadelik begin uittrek om aan die werk te spring. Beyers moes 'n dreigende houding inneem om Dart te oorreed om weer aan te trek om betyds vir die plegtigheid te wees.

Toe Dart in 1925 sy bevinding in die bekende tydskrif *Nature* publiseer, het hy groot teenkanting van ander wetenskaplikes ontlok. Beyers se ondersteuning in hierdie moeilike tyd was vir hom 'n riem onder die hart.

'n Ander interessante nadraai van die ontdekking van die Taungs-skedel was die ontmoeting tussen Dart en Broom. Toe die belangrike vonds wêreldkundig word, het Broom onverwags in Johannesburg opgedaag om die skedel te ondersoek. Professor Dart beskryf die insident in sy 'Broom Memorial Lecture' in 1951 in Durban gelewer voor die 'Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap'. 'It was of course my first contact with the man about whom I had heard a considerable amount, but who was now for the first time my guest. My earliest and chief friend in South Africa, the late surgeon, Dr C. F. Beyers, had been both Broom's student and his temporary successor at Stellenbosch. Beyers instantly took advantage of this unexpected and thrilling visit of his old chief and medical colleague to organise a banquet at the Pretoria Club and to gather together his old students such as Drs P. J. du Toit and Gilles de Kock, both of whom were subsequently to be directors of Onderstepoort, and the late Dr Tielman Roos Scholtz of Pretoria, to renew their associations with Broom and to meet the new uitlander'.

## BEYERS AS AKADEMIKUS

In 1928 vertrek Beyers weer na Londen en sy ou Alma Mater, St Bartholomew-hospitaal, waar hy die gesogte M.S.-graad behaal. Op hierdie reis het hy deeglik die geleentheid gebruik om weer op hoogte met die nuutste ontwikkelings in chirurgie te kom. Met sy terugkeer na Suid-Afrika het hy vol lus en entoesiasme sy rol by die Johannesburg-hospitaal as leermeester, navorser en as lid van verskeie komitees en as deelnemer aan kongresse en kliniese aande vervul.

### Bydraes tot die Chirurgiese Literatuur

Daar het altesame elf artikels uit die pen van Beyers verskyn oor wyduiteenlopende onderwerpe. 'n Paar hoogtepunte word meer breedvoerig bespreek.

In 1926 verskyn 'n uitstekende artikel, in samewerking met professor Raymond Dart geskryf, onder die opskrif 'Normal and abnormal Negroid septa pellucida' in die hoogaangeskrewe *Journal of Anatomy*. Na aanleiding van 'n ongewone abnormaliteit van die septum pellucidum van die brein van 'n Zoeloe, toevallig gedurende 'n disseksie gevind, het Beyers 'n deeglike studie van die anatomie en ontstaan van hierdie struktuur van die voorbrein gemaak. Hy het die septum pellucidum-ondersoek van twaalf breine van verskillende Bantoe-rasse deeglik beskryf en geïllustreer. Die tweede deel van die artikel bestaan uit 'n beskrywing deur professor Dart van die ontwikkeling van die cavum septi pellucidi.

Beyers en Dart se belangstelling in die neuro-anatomie het later aanleiding gegee tot 'n eksperimentele studie van die neuro-anatomie en neurofisiologie van die primaatbrein. Die jong student, James Gear, tans hoof van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing, het in samewerking met Beyers 'n ondersoek van die motor-areas van die brein van lewende bobbejane gedoen. Beyers het die brein blootgelê, en Gear het die areas, met behulp van elektriese stimulasie, gekarteer.

Beyers het ook baanbrekerswerk op die gebied van kliniese navorsing gedoen. In 1927 verskyn sy artikel 'Incidence of surgical diseases among the Bantu races of South Africa' in die *Journal of the Medical Association of South Africa*. Dit bestaan uit 'n ontleding van 18 000 gevalle wat gedurende 'n 6-jaar periode tot die nie-Blanke afdeling van die Johannesburg-hospitaal toegelaat is. Beyers vestig die aandag op die ongewone lae voorkoms van toestande soos blindedermontsteking, maag- en duodenale-ulkus, galstene en sekere karsinome. Terselfdertyd wys hy op die hoë voorkoms van ander maligne toestande soos lewerkarsinoom. 'n Ander interessante waarneming is dat daar slegs 3 karsinome van die esofagus toegelaat is, 'n toestand wat deesdae die mees algemene maligniteit onder die Bantoe is.

Sedert hierdie baanbrekersartikel van Beyers het baie werkers hulle besig gehou met 'n ontleding van die ongewone siektepatrone in die Bantoe. Hierdie artikel dien steeds as uitgangspunt vir die vergelykende studie van siektetoestande in die verskillende rasse en hulle wisseling met die tyd.

Beyers het nie geskroom om buitengewone metodes toe te pas in die behandeling van moeilike toestande nie. In 1926 verskyn sy artikel 'Some surgical aspects of aneurysm'. Hy ontleed 55 gevalle van aneurisme van die aorta en beskryf 2 gevalle wat hy met die metode van Colt, 'n tydsgenoot by St. Bartholomew-hospitaal, behandel het.

Colt het 'n metode ontwikkel om draad in die aneurisme te plaas om stolling te veroorsaak. Beyers het Colt se apparaat ingevoer, en hierdie 2 gevalle moet beskou word as die eerste beskrywing in Suid-Afrika van direkte operasie op aneurisme van die aorta.

Na sy besoek aan St Bartholomew-hospitaal in 1928 waar hy die gebruik van radium saam met chirurgie in die behandeling van karsinoom van die bors, die tong en die rektum, soos toegepas deur Sir Geofrey Keynes, bestudeer het, word hy die dryfveer agter die ontwikkeling van radium-behandeling by die Johannesburg-hospitaal. Hy beskryf die gebruik van radium in kombinasie met chirurgie in die *Journal of the Medical Association of South Africa* onder die opskrif 'The present position of radiosurgery'.

Hy het die laaste twee artikels, wat uit sy pen verskyn het, nl. 'The early diagnosis of the acute abdomen' en 'Note on the injection treatment of varicose veins of the leg', in 1931 in *Leech*, mediese blad van die Universiteit van die Witwatersrand gepubliseer.

## BEYERS AS ORGAANOORPLANTER

Selfs in die twintigerjare het die gedagte van vervanging van falende organe met 'n oorplanting reeds die verbeelding van Suid-Afrikaanse medici aangegryp. In die *Journal of the Medical Association of South Africa* van 1928 beskryf S. W. Joubert van Kaapstad sy besoek aan professor Voronoff in Suid-Frankryk. Hierdie Franse chirurg, van Russiese afkoms, het groot opspraak verwek met sy revolusionêre verjongingsoperasies. Hy het die testes van Manderynbobbejane op bejaarde mans oorgeplant om hulle lewenskragte te herstel. Joubert gee 'n beskrywing van die operasie maar het self geen operasies uitgevoer nie. In Februarie 1928 verskyn 'n artikel deur dr. Exner van Volksrust waarin hy die resultate beskryf van die verjongingsoperasie wat hy op 'n 8-jarige stoetram uitgevoer het. Hy skryf: 'The graft took perfectly, the ram was rejuvenated and could be used again by the farmer'.

Die feit dat Beyers en sy ou skoolvriend, J. J. Levine, die eerste Voronoff-operasie op die mens in die Johannesburg-hospitaal uitgevoer het, was 'n bekende feit. Professor James Gear wat as student teenwoordig op die geskiedkundige dag was, het dit reeds by geleentheid genoem. Professor Daubenton het in 1960 ook melding daarvan gemaak in sy Beyers-gedenklesing. Die gebeurtenis is wel in die mediese literatuur verewig, alhoewel in ligte luim. In die mediese studente-blad *Leech* onder die opskrif 'A case of rejuvenation by the Voronoff method', word dar draak gesteek met Levine en Beyers. Die artikel bevat luimige beskrywings van die pasiënt, die skenker en die twee chirurge. Beyers was egter duidelik skepties oor die hele aangeleentheid soos uit die volgende blyk: 'As to the prognosis, there was considerable difference of opinion. The surgeon (Levine) stated that within a week his patient would be romping about, fulfilling his obligations to society. The assistant (Beyers), on the other hand, was heard to remark that the operation would be about as effective as sticking a Cape three-cornered stamp on the old man's umbilicus'.

## BEYERS AS KAMPVEGTER VIR AFRIKAANS

Terwyl hy op die personeel van die mediese skool van die Universiteit van die Witwatersrand gedien het, het hy altyd probeer om Afrikaans te bevorder en te handhaaf. Elke Saterdagoggend het hy 'n lesing in chirurgiese anatomie deur middel van Afrikaans gelewer. Hy was so 'n gewilde lektor, dat die lesing altyd goed bygewoon is, ook deur Engelssprekende studente.

Beyers het, in medewerking met dr. Albertyn, die beroemde boekie van dr. Irvine oor eerstehulp in Afrikaans vertaal. Dit was veral nuttig as in ag geneem word dat duisende mynwerkers Afrikaanssprekend was. In 1924 het Beyers, in medewerking met mnr. H. le Roux Jooste, hoof van die Melvilleskool, dr. O. Frey se boek *Die Menslike Liggaam* in Afrikaans verwerk. In hierdie boek het Beyers reeds woorde en spelreëls geskep wat tot 'n groot mate in die Afrikaanse terminologie behoue gebly het.

## BEYERS SE DOOD

Hy is op 3 Desember 1933 in die vroeë ouderdom van 45 jaar oorlede. Hy het geruime tyd reeds simptome van dermobstruksie gehad. In September 1933 het twee van sy kollegas, dr. Dickie Douth, en sy vriend, Alexander Lee McGregor, 'n operasie op hom uitgevoer. Hulle het 'n karsinoom van die kolon met perforasie en absesformasie gevind. Hy het ongelukkig peritonitis opgedoen gevolg deur veelvuldige absesse en is na 'n lang siekbed oorlede. Sy begrafnisstoet was meer as 'n myl en 'n half lank. Die koerante van die dag het berig dat byna elke mediese praktisyn in Johannesburg teenwoordig was om die laaste eer aan 'n geliefde en gerespekteerde kollega te betoon.

Toe daar in 1939 in Johannesburg die gedagte ontstaan om 'n mediese vereniging te stig wat hom te doel sou stel die handhawing en stigting van Afrikaans as 'n mediese vaktaal, is die naam van dr. Christo Beyers dadelik aan die gedagte gekoppel. Dus het daar in die jaar 1939 die Christo Beyers Mediese Gedenkvereniging te stand gekom. Op 6 Maart 1948 is die vereniging by die Akademie ingelyf as die Christo Beyers-gedenktak van die Afdeling Geneeskunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

BIBLIOGRAFIE

Die Stellenbosse Heemkring.

Gedenktak Christo Beyers. Historiese Oorsig 1939 - 1969. Randse Afrikaanse Universiteit.

Plarr, V. G. (1953): *Plarr's Lives of the Fellows of the Royal College of Surgeons 1930 - 1951*. Londen: Royal College of Surgeons of England.

Dart, R. (1924): S. Afr. J. Sci., **21**, 556.

*Idem* (1951): *Ibid.*, **48**, 3.

Joubert, S. W. (1928): J. Med. Assoc. S. Afr., **2**, 8.

Exner, H. V. (1928): *Ibid.*, **2**, 63.